Selfsertifisering

Onbeperk

Let wel: Absa Bank gee nie belastingadvies aan hul kliënte nie, kontak asseblief 'n belastingadviseur om duidelikheid oor u belastingverblyfstatus en ander belastingverwante te kry.

Verpligte Openbaarmakingsreëls

Om aan die Verpligte Openbaarmakingsreëls te voldoen, word ons nie toegelaat om die Algemene Verslagdoeningstandaarde- ("**AVS-**") regulasies te omseil nie. 'n AVS-vermydingsreëling en Ondeursigtige Struktuur sal aan die Inkomste-owerheid gerapporteer word.

Omskrywings en gedetailleerde vereistes

Let wel: Die terme Nie-finansiële Buitelandse Entiteit ("**NFFE**") en Nie-finansiële Entiteit ("**NFE**") word in hierdie vorm uitruilbaar gebruik, aangesien dit na dieselfde soort entiteit verwys. Kragtens die Wet op Voldoening aan Belasting op Buitelandse Rekening ("**WVBBR**") word die term NFFE gebruik, terwyl die ekwivalente term onder CRS NFE is.

Rekeninghouer beteken die persoon wat deur die Finansiële Instelling wat die rekening in stand hou as die houer van 'n Finansiële Rekening gelys of geïdentifiseer word. 'n Persoon, anders as 'n Finansiële Instelling, wat 'n Finansiële Rekening hou tot voordeel van of wat 'n persoon anders as 'n agent, bewaarder, genomineerde, ondertekenaar, beleggingsadviseur of tussenganger se rekening hou, word vir die doel van hierdie Aanhangsel nie beskou as die houer van die rekening nie en sodanige ander persoon word as houer van die rekening beskou. In die geval van 'n Kontantwaardeversekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak, is die Rekeninghouer enige persoon wat geregtig is om toegang tot die Kontantwaarde te kry of die begunstigde van die kontrak te verander. Indien niemand toegang tot die Kontantwaarde of verandering van die begunstigde het nie, is die Rekeninghouer enige persoon wat in die kontrak as die eienaar genoem word en enige persoon met 'n gevestigde geregtigheid op betaling kragtens die kontrakbepalings. Wanneer 'n Kontantwaardeversekeringskontrak of Annuïteitskontrak verval, word elke persoon wat kragtens die kontrak geregtig is om 'n betaling te ontvang, as 'n Rekeninghouer behandel.

Aktiewe NFBE beteken enige NFBE wat aan die volgende kriteria voldoen:

a) minstens 50% van die NFBE se bruto inkomste vir die voorafgaande kalenderjaar of ander tersaaklike verslagdoeningstydperk is passiewe inkomste en minstens 50% van die bates wat die NFBE gedurende die voorafgaande kalenderjaar of ander tersaaklike verslagdoeningstydperk gehou het, is bates wat passiewe inkomste genereer of gehou word om passiewe inkomste te produseer.

b) die NFBE se aandele word gereeld op 'n gevestigde sekuriteitemark verhandel of die NFBE is 'n Verwante Entiteit of 'n Entiteit waarvan die aandele gereeld op 'n gevestigde sekuriteitemark verhandel word;

c) die NFBE word in 'n Verenigde State- ("**VS-**") gebied georganiseer en alle eienaars van die nemer is bona fide-inwoners van daardie VS-gebied;

d) die NFBE is 'n regering (anders as die VS-regering) 'n politieke onderafdeling van sodanige regering (wat duidelikheidshalwe 'n staat, provinsie, distrik of munisipaliteit insluit) of 'n openbare liggaam wat 'n funksie verrig van sodanige regering of politieke onderafdeling daarvan, 'n regering van 'n VS-gebied, 'n internasionale organisasie, 'n nie-VS sentrale uitreikingsbank of 'n Entiteit wat 'n volfiliaal is van een of meer van die voorafgaande;

e) wesenlik al die bedrywighede van die NFBE bestaan (ten volle of gedeeltelik) uit die uitstaande aandele van of die verskaffing van finansiering en dienste aan, een of meer filiale wat betrokke is by handel of besighede anders as die besigheid van 'n Finansiële Instelling, behalwe dat 'n NFBE nie vir hierdie status mag kwalifiseer nie indien die NFBE funksioneer (of homself voordoen) as 'n beleggingsfonds, soos 'n private aandelefonds, waagkapitaalfonds, hefboomuitkoopfonds of enige ander beleggingsmedium waarvan die doel is maatskappye te verkry of te befonds en dan vir beleggingsdoeleindes belange as kapitaalbates in daardie maatskappye hou;

f) die NFBE bedryf nog nie 'n besigheid nie en het geen vorige bedryfsgeskiedenis nie, maar belê kapitaal in bates met die voorneme om besighede anders as dié van 'n Finansiële Instelling te bedryf, met dien verstande dat die NFBE nie vir hierdie uitsondering sal kwalifiseer na die datum wat 24 (vier en twintig) maande is na die datum van die aanvanklike organisasie van die NFBE;

g) die NFBE was oor die afgelope 5 (vyf) jaar nie 'n Finansiële Instelling nie en is besig om sy bates te likwideer of herorganiseer met die voorneme om bedrywighede in 'n besigheid anders as dié van 'n Finansiële Instelling voort te sit en te hervat;

h) die NFBE is hoofsaaklik betrokke by finansierings- en verskansingstransaksies met of vir Verwante Entiteite wat nie Finansiële Instellings is nie en nie finansierings- of verskansingsdienste verskaf aan enige Entiteit wat nie 'n Verwante Party is nie, met dien verstande dat die groep van enige sodanige Verwante Entiteite hoofsaaklik in 'n besigheid anders as dié van 'n Finansiële Instelling betrokke is;

i) die NFBE is 'n "**verwagte NFBE**" soos beskryf in toepaslike VS-tesourieregulasies; of

j) die NFBE voldoen aan al die volgende vereistes:

   i) dit is in sy inwonersjurisdiksie gevestig en word bedryf vir uitsluitlik godsdienstige, liefdadigheids-, wetenskaplike, artistieke, kulturele, atletiese of opvoedkundige doeleindes; dit is in sy verblyfjurisdiksie gevestig en bedryf en is 'n professionele organisasie, sakeliga, handelskamer, arbeidsorganisasie, landbou- of tuinbou-organisasie, siviele liga of 'n organisasie wat uitsluitlik bedryf word vir die bevordering van sosiale welsyn;

   ii) dit word vrygestel van belasting in sy verblyfjurisdiksie;

   iii) dit het geen aandeelhouers of lede wat 'n eiendoms- of voordelige belang in sy inkomste of bates het nie;

   iv) die wette wat van toepassing is in die NFBE se verblyfjurisdiksie of die NFBE se stigtingsdokumente laat nie toe dat enige inkomste of bates van die NFBE uitgekeer word aan of toegepas word ten bate van, 'n private persoon of nie-liefdadigheidsentiteit anders as ooreenkomstig die uitvoering van die NFBE se liefdadigheidsaktiwiteite nie of as betaling van redelike vergoeding vir dienste gelewer of as betaling wat die billike markwaarde verteenwoordig van eiendom wat die NFBE gekoop het nie; en

   v) die toepaslike wette van die NFBE se verblyfjurisdiksie of die NFBE se stigtingsdokumente vereis dat, wanneer die NFBE gelikwideer of ontbind word, al sy bates uitgekeer word aan 'n regeringsentiteit of ander niewinsgewende organisasie of terugvallend aan die regering van die NFBE se verblyfjurisdiksie of enige politieke onderafdeling daarvan.

Absa Bank Beperk Reg no 1986/004794/06
Gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer Geregistreerde Kredietverskaffer Reg no NCRCP7
Absa 7791 AX (11/09/2025)

Waar 'n NFBE nie 'n Aktiewe NFBE is, is dit 'n Passiewe NFBE.

Aktiewe NFE – Operasioneel beteken 'n Entiteit wat 'n Aktiewe NFE is soos omskryf.

Aktiewe NFE – Regering of sentrale bank beteken 'n Entiteit wat 'n regering is, 'n politieke onderafdeling van 'n regering (wat 'n staat, provinsie, distrik of munisipaliteit insluit) of 'n openbare liggaam wat 'n regeringsfunksie verrig, insluitende 'n sentrale bank of 'n Entiteit wat 'n volfiliaal van een of meer van die bogenoemdes is.

Aktiewe NFE – 'n Internasionale Organisasie beteken 'n Entiteit wat 'n internasionale organisasie of volfiliaalagentskap of instrumentaliteit daarvan is. 'n Internasionale Organisasie is tipies 'n organisasie wat tot stand gekom het deur 'n verdrag of ander formele ooreenkoms tussen veelvuldige lande, wat take in die belang van daardie lande uitvoer.

Aktiewe NFE – Nie-winsgewende Organisasie beteken 'n Entiteit wat tot stand gekom het en uitsluitlik bedryf word vir godsdienstige, liefdadigheids-, wetenskaplike, artistieke, kulturele, atletiese of opvoedkundige doeleindes of 'n professionele vereniging, met dien verstande dat dit voldoen aan sekere kriteria wat dit vrystel van belasting op inkomste in sy verblyfjurisdiksie.

Annuïteitskontrak beteken 'n kontrak waarkragtens die uitreiker ooreenkom om betalings te maak vir 'n tydperk wat ten volle of gedeeltelik bepaal word met verwysing na die lewensverwagting van een of meer individue. Die term sluit ook 'n kontrak in wat beskou word as 'n Annuïteitskontrak ooreenkomstig die reg, regulasie of praktyk van die jurisdiksie waarin die kontrak uitgereik is en waaringevolge die uitreiker ooreenkom om vir 'n termyn van jare betalings te maak.

Teengeldwassery-/Ken Jou Kliënt-prosedures beteken die klant se omsigtigheidsprosedures van 'n Verslagdoenende Finansiële Instelling ooreenkomstig die teengeldwassery- of soortgelyke vereistes waaraan sodanige Verslagdoenende Finansiële Instelling onderhewig is.

Outomatiese Uitruil van Inligting ("OUVI") beteken die stelselmatige en periodieke versending van "**grootmaat**"-belastingbetalersinligting deur die bronland na die verblyfland rakende verskeie inkomstekategorieë (bv. dividende, rente, ens.).

Voordelige Eienaar vir betalings anders as dié waar aanspraak gemaak word op 'n koers of vrystelling van weerhouding kragtens 'n inkomstebelastingverdrag, is die Voordelige Eienaar van inkomste gewoonlik die persoon wat kragtens VS-belastingbeginsels die betaling in bruto inkomste in 'n belastingopgawe moet insluit. 'n Persoon is egter nie 'n Voordelige Eienaar van inkomste in die mate wat die persoon die inkomste ontvang as 'n genomineerde, agent of bewaarder of in die mate wat die persoon 'n geleibuis is wie se deelname aan 'n transaksie verontagsaam word nie. In die geval van betaalde bedrae wat nie inkomste behels nie, word Voordelige Eienaarskap bepaal asof die betaling inkomste was.

Buitelandse vennootskappe, buitelandse eenvoudige trusts en buitelandse toekenningstrusts is nie die Voordelige Eienaars van inkomste wat aan die vennootskap of trust betaal word nie. Die Voordelige Eienaars van inkomste wat aan 'n buitelandse vennootskap betaal word, is gewoonlik die vennote in die vennootskap, mits die vennoot nie op sigself 'n vennootskap, buitelandse eenvoudige of toekenningstrust, genomineerde of ander agent is nie. Die Voordelige Eienaars van inkomste wat aan 'n buitelandse eenvoudige trust [dit is 'n buitelandse trust wat in Artikel 651(a) van die VS se Internal Revenue Code ("**IRC**") beskryf word] betaal word, is gewoonlik die begunstigdes van die trust indien die begunstigde nie 'n buitelandse vennootskap, buitelandse eenvoudige of toekenningstrust, genomineerde of ander agent is nie. Die Voordelige Eienaars van inkomste wat aan 'n buitelandse toekenningstrust betaal word (d.i. 'n buitelandse trust in die mate dat die volle of 'n deel van die trustinkomste beskou word as deur die verlener of 'n ander persoon besit kragtens Artikels 671 tot 679 van die IRC), is die persone wat as die eienaars van die trust beskou word. Die Voordelige Eienaars van inkomste wat aan 'n buitelandse komplekse trust (d.i. 'n buitelandse trust wat nie 'n buitelandse eenvoudige trust of buitelandse toekenningstrust is nie) betaal word, is die trust self.

Vir die doel van Artikel 1446 van die IRC geld dieselfde reëls ten opsigte van Voordelige Eienaar, behalwe dat kragtens Artikel 1446 van die IRC 'n buitelandse eenvoudige trust eerder as die begunstigde die vorm aan die vennootskap verskaf.

Die Voordelige Eienaar van inkomste wat aan 'n buitelandse boedel betaal word, is die boedel self.

Wye Deelname Aftreefonds: 'n Fonds wat tot stand gekom het om aftree-, ongeskiktheids-, sterftevoordele of enige kombinasie daarvan, te verskaf aan begunstigdes wat huidige of voormalige werknemers (of persone wat deur sodanige werknemers aangewys word) van een of meer werkgewers is as teenprestasie vir dienste gelewer, mits daardie fonds:

1 Nie 'n enkele begunstigde met 'n reg op meer as 5% van die fonds se bates het nie.

2 Onderworpe is aan regeringsregulering en jaarlikse inligting verskaf om aan die toepaslike belastingowerhede verslag te lewer oor sy begunstigdes.

3 Aan minstens een van die volgende vereistes voldoen:

   a) Die fonds is gewoonlik kragtens die wette van jurisdiksie vrygestel van belasting op beleggingsinkomste as gevolg van sy status as 'n aftree- of pensioenplan.

   b) Die fonds ontvang minstens 50% van sy totale bydraes (behalwe sekere oordragte) vanaf die borgwerkgewers.

   c) Uitkerings of onttrekkings uit die fonds word slegs toegelaat wanneer sekere gebeurtenisse plaasvind wat met aftrede, ongeskiktheid of sterfte (behalwe vir sekere hernude uitkerings) verband hou of boetes vir uitkerings of onttrekkings wat voor sodanige gespesifiseerde gebeurtenisse gedoen word.

   d) Bydraes (behalwe sekere toegelate opmaakbydraes) deur werknemers aan die fonds word beperk met verwysing na inkomste deur die werknemer verdien of mag jaarliks nie meer as $50 000 wees vir die totale rekening en geldeenheidomsetting nie.

Kontantwaarde beteken die grootste van: i) die bedrag wat die polishouer geregtig is om te ontvang ten tye van afkoping of beëindiging van die kontrak (bepaal sonder vermindering vir enige afkoopkoste of polislening); en ii) die bedrag wat die polishouer ingevolge of in verband met die kontrak kan leen. Nieteenstaande die voorgenoemde, sluit die term "**Kontantwaarde**" nie enige bedrag in wat ingevolge 'n Versekeringskontrak betaalbaar is nie:

1 alleenlik omrede die dood van 'n individu wat kragtens 'n lewensversekeringskontrak verseker is, insluitende 'n terugbetaling van 'n premie wat voorheen betaal is, mits sodanige terugbetaling 'n Beperkterisiko-terugbetaling is soos die term verstaan word in die Kommentare oor die AVS;

2 'n voordeel vir 'n persoonlike besering of 'n siekte of ander voordeel wat skadeloosstelling verleen teen 'n ekonomiese verlies wat gely word indien die versekerde gebeurtenis plaasvind;

3 'n terugbetaling van 'n premie aan die polishouer wat voorheen kragtens 'n Versekeringskontrak betaal is (behalwe kragtens 'n lewensversekeringskontrak) as gevolg van kansellasie of beëindiging van die polis, 'n vermindering van risikoblootstelling gedurende die effektiewe tydperk van die Versekeringskontrak of voortspruitend uit 'n herbepaling van die premie as gevolg van regstelling of oordrag of 'n ander soortgelyke fout ten opsigte van die premie van die kontrak;

4 as 'n polishouersdividend (anders as 'n einddividend), mits die dividend verband hou met 'n Versekeringskontrak waar die enigste voordele wat betaalbaar is in subparagraaf 2 bo beskryf word; of

5 as 'n terugbetaling van 'n vooruitpremie of premiedeposito vir 'n Versekeringskontrak waarvoor die premie minstens jaarliks betaalbaar is, indien die bedrag van die vooruitpremie of premiedeposito nie meer is as die volgende jaarlikse premie wat kragtens die kontrak betaalbaar sal wees nie.

Kontantwaardeversekeringskontrak beteken 'n Versekeringskontrak (anders as 'n skadeloosstelling-herversekeringskontrak tussen twee versekeringsmaatskappye) wat 'n Kontantwaarde het.

Sentrale Bank: 'n Instansie wat, anders as die regering van die jurisdiksie self, volgens wet of regeringsanksie die hoofgesag is en instrumente uitreik wat ten doel het om as geldeenheid te sirkuleer. So instansie kan 'n instrumentaliteit insluit wat afsonderlik van die regering van die jurisdiksie, hetsy ten volle of gedeeltelik deur die jurisdiksie besit al dan nie.

Gesertifiseerde Geag-voldoenende Buitelandse Finansiële Instelling ("BFI") beteken 'n BFI wat vrygestel is van weerhouding sonder om 'n Amerikaanse Inkomstebelastingdiens- ("**IRS-**") ooreenkoms aan te gaan.

Daar is twee tipes: i) Geregistreer Geag-voldoenend – 'n BFI wat by die IRS registreer om sy status te verklaar. Sluit sekere plaaslike banke, nie-verslagdoenende lede van deelnemende BFI-groepe, gekwalifiseerde kollektiewe beleggingsmediums, beperkte fondse en BFI's in wat voldoen aan die vereistes van die WVBBR kragtens 'n ooreenkoms tussen die VS en 'n buitelandse regering. ii) Gesertifiseer Geag-voldoenend – 'n BFI wat nie by die IRS hoef te registreer nie en sy status sertifiseer deur 'n weerhoudingsagent met 'n geldige Vorm W-B te verskaf. Sluit niegeregistreerde plaaslike banke, aftreeplanne, organisasies sonder winsoogmerk, BFI's met slegs rekenings met 'n lae waarde en sekere eienaargedokumenteerde BFI's in.

Beheer beteken beheer oor 'n Entiteit wat gewoonlik uitgeoefen word deur die natuurlike persoon/persone wat uiteindelik 'n beherende eienaarskapsbelang het, tipies op grond van 'n sekere persentasie in die Entiteit. Waar geen natuurlike persoon/persone beheer deur middel van eienaarskapsbelange uitoefen nie, sal die Beherende Persoon/Persone van die Entiteit die natuurlike persoon/persone wees wat deur ander middele beheer oor die Entiteit uitoefen. Waar geen natuurlike persoon/persone geïdentifiseer word vir die uitoefening van beheer oor die Entiteit deur eienaarskapsbelange nie, word die Rapporteerbare Persoon kragtens die AVS geag die natuurlike persoon te wees wat die posisie van senior besturende beampte beklee.

Beherende Persone beteken die natuurlike persone wat beheer oor 'n Entiteit uitoefen. In die geval van 'n trust beteken die term die oprigter, die trustees, die beskermer (indien enige), die begunstigdes of begunstigdeklas en enige ander natuurlike persoon wat uiteindelike effektiewe beheer oor die trust uitoefen en in die geval van 'n wetlike reëling anders as 'n trust, beteken die term persoon in gelykwaardige of soortgelyke posisies. Die term Beherende Persone word vertolk op 'n wyse wat strook met die Aanbevelings van die Finansiële Aksietaakmag.

Beherende Persoon van 'n regspersoon – beheer deur eienaarskap beteken 'n individu wat beheer oor 'n Entiteit uitoefen deur regstreekse of onregstreekse eienaarskap van 'n beduidende eienaarskap van die Entiteit se aandele of stemregte.

Beherende Persoon van 'n regspersoon – beheer deur ander beteken 'n individu wat beheer oor 'n Entiteit uitoefen behalwe deur middel van eienaarskap, soos persoonlike konneksies, gesag om finansiële of ander bedryfsbesluite te neem of ander beduidende invloed.

Beherende Persoon van 'n regspersoon – senior besturende beampte beteken 'n individu wat 'n senior bestuursposisie beklee, soos 'n HUB of HFB, wat beduidende beheer of invloed oor die Entiteit uitoefen wanneer geen individu voldoen aan die kriteria vir beheer deur eienaarskap of ander middele nie.

Beherende Persoon van 'n trust - oprigter beteken 'n individu wat bates na 'n trust oordra en tipies die bepalings van die trustooreenkoms bepaal.

Beherende Persoon van 'n trust – trustee beteken 'n individu wat bates na 'n trust oordra en tipies die bepalings van die trustooreenkoms bepaal.

Beherende Persoon van 'n trust – beskermer beteken 'n individu wat 'n vertrouens- of raadgewende rol speel om toesig te hou oor of die aktiwiteite van die trustee(s) te beïnvloed en het dikwels die mag om trustees aan te stel of te verwyder.

Beherende Persoon van 'n trust – begunstigde beteken 'n individu of Entiteit wat geregtig is om voordele of bates van die trust te ontvang, hetsy tans of in die toekoms.

Beherende Persoon van 'n trust – ander beteken enige ander individu wat beheer oor die trust het, soos individue wat die mag van aanstelling of invloed op gewigtige besluite het.

Beherende Persoon van 'n wettige reëling (nie-trust) – oprigter-ekwivalent beteken 'n individu in 'n wettige nie-trustreëling, soos 'n stigting, wat gelyksoortig aan 'n oprigter is, tipies die stigter of aanvanklike bydraer van bates tot die reëling.

Beherende Persoon van 'n wettige reëling (nie-trust) – trustee-ekwivalent beteken 'n individu in 'n wettige nie-trust-reëling, met soortgelyke verantwoordelikhede as dié van 'n trustee en die bates of sake van die reëling bestuur.

Beherende Persoon van 'n wettige reëling (nie-trust) – beskermer-ekwivalent beteken 'n individu in 'n wettige nie-trust-reëling, wat 'n rol beklee soortgelyk aan dié van 'n beskermer in 'n trust beklee en toesig hou oor of die aksies van die individue wat die reëling bestuur, beïnvloed.

Beherende Persoon van 'n wettige reëling (nie-trust) – begunstigde-ekwivalent beteken 'n individu of Entiteit in 'n wettige nie-trust-reëling, wat op 'n soortgelyke manier as dié van 'n begunstigde van 'n trust by die reëling baat.

Bewaringsinstansie beteken enige Entiteit wat, as 'n aansienlike deel van sy besigheid, finansiële bates vir andere se rekening hou. 'n Entiteit hou finansiële bates vir andere se rekening as 'n aansienlike deel van sy besigheid indien die Entiteit se bruto inkomste toeskryfbaar aan die hou van finansiële bates en verwante finansiële dienste gelyk is aan of meer is as 20% van die Entiteit se bruto inkomste gedurende die kortste van: i) die tydperk van 3 (drie) jaar wat eindig op die laaste dag van Februarie van die vorige belastingjaar; of ii) die tydperk waartydens die Entiteit bestaan het.

Bewaarplekinstansie beteken enige Entiteit wat deposito's aanvaar in die gewone loop van bankdienste of soortgelyke besighede.

Geag-voldoenende BFI: Kragtens Artikel 1471(b)(2) van die IRC, word sekere BFI's geag aan die regulasies van hoofstuk 4 te voldoen sonder dat dit nodig is om 'n BFI-ooreenkoms met die IRS aan te gaan. Sekere BFI's wat geag word te voldoen moet egter by die IRS registreer en 'n Globale Tussenpersoonidentifikasienommer ("**GIIN**") verkry. Daar word na hierdie BFI's verwys as "**Geregistreer Geag-voldoenend BFI's**". Sien Regulasies, Artikel 1.1471-5(f)(1) van die IRC.

Regstreekse NFBE-verslagdoening beteken die Entiteit is nie 'n Finansiële Instelling nie en verkies om inligting oor sy regstreekse of onregstreekse substansiële VS-eienaars aan die IRS te rapporteer. Dit registreer by die IRS as 'n NFBE wat regstreeks rapporteer en voldoen aan die vereistes wat die IRS neerlê.

Entiteit beteken 'n regspersoon of regsreëling, soos 'n korporasie, organisasie, vennootskap, trust of stigting. Hierdie term dek enige persoon behalwe 'n individu (d.i. 'n natuurlike persoon).

Vrygestelde Kollektiewe Beleggingsmedium beteken 'n Beleggingsentiteit wat as 'n kollektiewe beleggingsmedium gereguleer word, mits alle belange in die kollektiewe beleggingsmedium gehou word deur of deur middel van een of meer Vrygestelde Entiteite of individue of Entiteite wat nie Rapporteerbare Persone is nie.

'n Beleggingsentiteit wat as 'n kollektiewe beleggingsmedium gereguleer word kwalifiseer kragtens subparagraaf B(9) as 'n Vrygestelde Kollektiewe Beleggingsmedium, alleenlik omdat die kollektiewe beleggingsmedium fisiese aandele in toondervorm uitgereik het, met dien verstande dat die kollektiewe beleggingsmedium:

a) nie na 29 Februarie 2016 enige fisiese aandele uitgereik het of uitreik nie;
b) al sodanige aandele vroeg ten tye van afkoping betaal;
c) die noulettendheidsprosedures uitvoer en enige inligting wat ten opsigte van enige sodanige aandele gerapporteer moet word, rapporteer wanneer sodanige aandele vir aflossing of ander 'n betaling aangebied word; en
d) beleide en prosedures in plek het om seker te maak dat sodanige aandele so gou as moontlik afgelos of geïmmobilliseer word en in elke geval, voor 1 Maart 2018.

Finansiële Instelling beteken 'n Bewaarinstelling, Bewaarplekinstelling, 'n Beleggingsentiteit of 'n Gespesifiseerde Versekeringsmaatskappy.

Buitelandse Finansiële Instelling ("BFI") beteken 'n buitelandse Entiteit wat 'n Finansiële Instelling is.

Fonds soos bedoel in Artikel 10(1)(d)(i) of (ii) fonds (bv. pensioenfonds) beteken 'n fonds soos bedoel in Artikel 10 (1)(d)(i) of (ii) van die (Suid-Afrikaanse) Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

GIIN is 'n nommer wat die IRS deur die IRS-registrasieportaal uitreik. Die GIIN is 'n unieke verwysingsnommer met 'n spesifieke formaat wat uitgereik word om elke Finansiële Instelling te identifiseer.

Regeringsentiteit: Die regering van 'n jurisdiksie, enige politieke onderafdeling van 'n jurisdiksie (wat duidelikheidshalwe 'n staat, provinsie, distrik of munisipaliteit insluit) wat enige volfiliaalagentskap of instrumentaliteit van 'n jurisdiksie of enigeen of meer van die voorgenoemde insluit (elk 'n "**Regeringsentiteit**"). Hierdie kategorie bestaan uit die integrale dele, beheerde entiteite en politieke onderafdelings van 'n jurisdiksie.

1 'n Integrale deel van 'n jurisdiksie beteken enige persoon, organisasie, agentskap, buro, fonds, instrumentaliteit of ander liggaam, hoe ook al aangewys, wat 'n regeringsoutoriteit van 'n jurisdiksie behels. Die netto verdienste van die regeringsoutoriteit moet na sy eie rekening of na die jurisdiksie se ander rekenings gekrediteer word, met geen deel tot voordeel van enige private persoon nie. 'n Integrale deel sluit nie enige individu in wat 'n soewerein, beampte of administrateur is wat in 'n private of persoonlike hoedanigheid dien nie.

2 'n Beheerde Entiteit beteken 'n Entiteit wat in vorm afsonderlik is van die jurisdiksie of wat andersins 'n afsonderlike regsentiteit is nie, met dien verstande dat:

   a) die Enititeit 'n volfiliaal is en regstreeks deur een of meer Regeringsentiteite of deur een of meer gekontroleerde entiteite beheer word;

   b) die Entiteit see netto verdienste na sy eie rekening gekrediteer word of na die rekenings van een of meer Regeringsentiteite, met geen deel van sy inkomste tot voordeel van enige private persoon nie; en

   c) die Entiteit se bates by ontbinding vestig in een of meer Regeringsentiteite.

3 Die inkomste nie tot voordeel van private persone is indien sodanige persone die bedoelde begunstigdes van 'n regeringsprogram is nie en die programaktiwiteite uitgevoer word vir die algemene publiek ten opsigte van die algemene welsyn nie of verband hou met die administrasie van een of ander regeringsfase nie. Nieteenstaande die voorgenoemde, word inkomste egter beskou as tot voordeel van private persone indien die inkomste afkomstig is van die gebruik van 'n Regeringsentiteit om 'n kommersiële besigheid te bedryf, soos 'n kommersiële bankbesigheid, wat finansiële dienste aan private persone verskaf.

Tussenregeringsooreenkoms- ("TRO-") Vennootjurisdiksie beteken 'n jurisdiksie wat in werklikheid met die VS 'n ooreenkoms het om die implementering van WVBBR te vergemaklik. Die IRS sal 'n lys publiseer wat alle Vennootjurisdiksies identifiseer.

In-sorg-van-adres beteken 'n adres van 'n individu of Entiteit anders as dié van die bedoelde ontvanger, waar pos vir die bedoelde ontvanger afgelewer moet word.

Instelling, raad of liggaam soos bedoel in Artikel 10(1)(cA) (bv. waterraad) beteken 'n instelling, raad of liggaam soos bedoel in Artikel 10(1)(A) van die (Suid-Afrikaanse) Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

Internasionale Organisasie: Enige internasionale organisasie of volfiliaalagentskap of instrumentaliteit daarvan. Hierdie kategorie sluit enige tussenregeringsorganisasie (insluitende 'n supranasionale organisasie): i) wat hoofsaaklik uit regerings bestaan; ii) wat in werklikheid 'n hoofkwartierooreenkoms of wesenlik soortgelyke ooreenkoms met die jurisdiksie het; en ii) waarvan die inkomste nie tot voordeel van private persone is nie.

TRO is 'n ooreenkoms tussen die Verenigde State van Amerika ("**VSA**") en spesifieke lande om WVBBR-voldoening in die land se regsraamwerk in te bou sodat die land WVBBR kan implementeer. 'n TRO sal vereis dat Finansiële Instellings die inligting oor VS-rekenings wat hulle hou óf regstreeks aan die IRS óf aan die plaaslike belastingowerheid van die inwonende land verskaf.

Beleggingsentiteit beteken enige Entiteit:

a) wat hoofsaaklik as 'n besigheid een of meer van die volgende aktiwiteite of bedrywighede namens 'n kliënt bedryf:

   1 verhandeling met geldmarkinstrumente (tjeks, wissels, depositosertifikate, afgeleide instrumente, ens.); buitelandse valuta, wisselkoers-, rentekoers en indeksinstrumente; oordraagbare sekuriteite; of verhandeling van termynkontrakte;

   2 individuele of kollektiewe portefeuljebestuur; of

   3 andersins die belegging, administrasie of bestuur van fondse of geld namens ander persone doen; of

b) waarvan die bruto inkomste hoofsaaklik toeskryfbaar is aan die belegging, herbelegging of verhandeling van Finansiële Bates, indien die Entiteit bestuur word deur 'n ander Entiteit wat 'n Bewaarplekinstelling, 'n Bewaarinstelling, 'n Gespesifiseerde Versekeringsmaatskappy of 'n Beleggingsentiteit is.

'n Entiteit bedryf hoofsaaklik as 'n besigheid een of meer van die aktiwiteite wat in subparagraaf (a) bo beskryf word of 'n Entiteit se bruto inkomste is hoofsaaklik toeskryfbaar aan belegging, herbelegging of verhandeling van Finansiële Bates vir die doeleindes van subparagraaf (b) indien die Entiteit se bruto inkomste toeskryfbaar aan die betrokke aktiwiteite gelyk is aan of meer is as 50% van die Entiteit se bruto inkomste gedurende die kortste van: i) die tydperk van 3 (drie) jaar wat eindig op die laaste dag van Februarie van die vorige belastingjaar; of ii) die tydperk van die Entiteit se bestaan.

Genoteerde korporasie beteken 'n korporasie waarvan die effekte gereeld op een of meer gevestigde sekuriteitemarkte verhandel word.

Model 1 TRO beteken 'n ooreenkoms tussen die State van die Tesouriedepartement en 'n buitelandse regering of een of meer agentskappe om WVBBR te implementeer deur verslagdoening deur BFI's aan sodanige buitelandse regering of agentskap, gevolg deur die outomatiese ruil van die inligting wat gerapporteer is met die IRS. 'n BFI in 'n Model 1 TRO-jurisdiksie wat rekeningverslagdoening aan die jurisdiksie se regering doen, word 'n "**Verslagdoeningsmodel 1 BFI**" genoem.

Model 2 TRO beteken 'n ooreenkoms of reëling tussen die VS of die Tesouriedepartement en 'n buitelandse regering of een of meer agentskappe om WVBBR te implementeer deur verslagdoening deur BFI's regstreeks aan die IRS ooreenkomstig die vereistes van 'n BFI-ooreenkoms, aangevul deur die uitruil van inligting tussen sodanige buitelandse regering of agentskap en die IRS. 'n BFI in 'n Model 2 TRO-jurisdiksie wat 'n BFI-ooreenkoms ten opsigte van 'n tak aangegaan het, is 'n deelnemende BFI maar daar kan daarna verwys word as 'n "**Verslagdoeningsmodel 2 BFI**".

Noudeelname-aftreefonds: 'n Fonds wat tot stand gekom het om aftree-, ongeskiktheids- of sterftevoordele te verskaf aan begunstigdes wat huidige of voormalige (of persone wat deur sodanige werknemers aangewys word) van een of meer werkgewers as werknemersteenprestasie vir dienste gelewer, met die verstande dat:

1 die fonds minder as 50 deelgenote het;

2 die fonds geborg word deur een of meer werkgewers wat nie Beleggingsentiteite of Passiewe NFBE's is nie;

3 die werknemer- en werkgewerbydraes tot die fonds (behalwe sekere oordragte vanaf aftree- en pensioenrekenings) beperk word met verwysing na onderskeidelik die inkomste verdien deur en vergoeding van die werknemer;

4 deelgenote wat nie inwoners is van die jurisdiksie waarin die fonds tot stand gekom het nie, nie geregtig is op meer as 20% van die fonds se bates nie; en

5 die fonds onderworpe is aan regeringsregulering en jaarlikse inligting oor sy begunstigdes aan die toepaslike belastingowerhede rapporteer.

Nie-finansiële Entiteit ("NFE") beteken enige Entiteit wat nie 'n Finansiële Instelling is nie en bestaan uit Aktiewe NFE's en Passiewe NFE's. Die term NFE is ekwivalent aan 'n NFBE, die terme wat vir die doel van VS WVBBR gebruik word.

Nie-rapporteerbare persone sluit Genoteerde Korporasies, Verwante Entiteite van Genoteerde Korporasie, Regeringsentiteit, Internasionale Organisasies, Sentrale Banke en Sekere Finansiële Instellings in.

Ander beteken enige van die volgende:

- 'n aandeelhouer in 'n geregistreerde mikrobesigheid, soos omskryf in die Sesde Bylae [tot die (Suid-Afrikaanse) Inkomstebelastingwet 58 van 1962], wat daardie dividend betaal in die mate wat die totale dividendbedrag wat daardie geregistreerde mikrobesigheid aan alle aandeelhouers van daardie geregistreerde mikrobesigheid betaal gedurende 'n aanslagjaar waarin daardie dividend betaal word, nie die bedrag van R200 000 oorskry nie;
- 'n entiteit wat klein besighede befonds soos bedoel in Artikel 10(1) [cQ van die (Suid-Afrikaanse) Inkomstebelastingwet 58 van 1962];
- 'n persoon wat nie 'n inwoner (van Suid-Afrika) is nie en die dividend is soos bedoel in paragraaf (b) van die omskrywing van "**dividend**" in Artikel 64D van die (Suid-Afrikaanse) Inkomstebelastingwet 58 van 1962;
- 'n portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema in sekuriteite;
- enige persoon in die mate wat die dividend inkomste van daardie persoon behels;
- enige persoon in die mate wat die dividend onderworpe was aan sekondêre belasting op maatskappye;
- enige getrouheids- of skadeloosstellingsfonds soos bedoel in Artikel 10(1)(d)(iii) van die (Suid-Afrikaanse) Inkomstebelastingwet 58 van 1962; of
- 'n natuurlike persoon of bestorwe boedel of insolvente boedel van daardie persoon ten opsigte van 'n dividend wat ten opsigte van 'n belastingvrye belegging betaal is, soos in Artikel 12T (1) van die (Suid-Afrikaanse) Inkomstebelastingwet 58 van 1962 uiteengesit is.

Eienaargedokumenteerde BFI beteken 'n BFI kan slegs as 'n Eienaargedokumenteerde BFI behandel word ten opsigte van betalings ontvang vanaf en rekenings gehou by 'n aangewese weerhoudingsagent (of ten opsigte van betalings ontvang van rekenings wat gehou word by 'n ander BFI wat ook deur sodanige aangewese weerhoudingsagent beskou word as 'n Eienaargedokumenteerde BFI).

Passiewe NFBE beteken enige NFBE behalwe 'n Aktiewe NFBE.

Passiewe NFE – Niebedryfsentiteit beteken 'n Entiteit wat hoofsaaklik passiewe inkomste genereer (soos dividende, rente, huurgeld of tantième) en nie aktief betrokke is by sakebedrywighede nie.

Passiewe NFE – Trust of Vaste-eiendomsbeleggingstrust ("VEBT") beteken 'n Entiteit soos 'n trust of VEBT, wat hoofsaaklik inkomste genereer uit passiewe beleggings in vaste eiendom of ander bates.

Passiewe NFE – Gespesialiseerde Medium of Beheermaatskappy beteken 'n Entiteit wat tot stand gekom het met die doel of bates of beleggings te hou, dikwels as 'n filiaal of geaffilieerde of ander maatskappy en inkomste uit daardie besit genereer.

Passiewe NFE – Beleggingsentiteit beteken 'n Entiteit wat hoofsaaklik een of meer van die volgende aktiwiteite of bedrywighede vir of namens 'n klant as 'n besigheid bedryf:

- Verhandeling van geldmarkinstrumente, buitelandse valuta, rentekoers- en indeksinstrumente, oordraagbare sekuriteite of verhandeling van kommoditeitstermynkontrakte.
- Individuele en kollektiewe portefeuljebestuur.
- Andersins fondse of geld namens ander persone belê, administreer of bestuur.

Deelnemende BFI beteken 'n BFI wat ooreengekom het om te voldoen aan die bepalings van 'n BFI-ooreenkoms ten opsigte van alle takke van die BFI, behalwe 'n tak wat 'n verslagdoenende Model 1 BFI of 'n VS-tak is. Die term deelnemende BFI sluit ook 'n verslagdoenende Model 2 BFI en 'n QJ-tak van 'n VS Finansiële Instelling, tensy sodanige tak 'n verslagdoenende Model 1 BFI is.

Pensioenfonds van 'n Vrygestelde Voordelige Eienaar beteken 'n Fonds wat 'n Vrygestelde Voordelige Eienaar tot stand gebring het om aftree-, ongeskiktheids- of sterftevoordele te verskaf aan begunstigdes of deelgenote wat huidige of voormalige werknemers van die Vrygestelde Voordelige Eienaar (of persone wat sodanige werknemers aanwys) was of wat nie huidige of voormalige werknemers is nie, indien die voordele wat aan sodanige begunstigdes of deelgenote verskaf word as teenprestasie is vir persoonlike dienste wat vir die Vrygestelde Voordelige Eienaar gelewer word.

Persoon soos bedoel in Artikel 10(1)(t) (bv. WNNR, SAIDC, DBSA) beteken 'n persoon soos bedoel in Artikel 10(1)(t) van die (Suid-Afrikaanse) Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

Persoon beteken enige Entiteit en kan 'n maatskappy, liggaam met regspersoonlikheid, stigting, anstalt, vennootskap, assosiasie en ander toepaslike soortgelyke Entiteit insluit, maar sluit nie 'n natuurlike persoon in nie.

Openbare Weldaadsorganisasie ("OWO") goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ("**SAID**"), beteken 'n OWO wat die Kommissaris ingevolge Artikel 30 (3) van die (Suid-Afrikaanse) Inkomstebelastingwet 58 van 1962, goedgekeur het.

Gekwalifiseerde Kredietkaartuitreiker beteken 'n Finansiële Instelling wat aan die volgende vereistes voldoen:

a) Die Finansiële Instelling is alleenlik 'n Finansiële Instelling omdat dit kredietkaarte uitreik wat slegs deposito's aanvaar wanneer 'n kliënt 'n groter betaling maak as die saldo wat ten opsigte van die kaart verskuldig is en die oorbetaling nie dadelik aan die kliënt terugbetaal word nie.
b) Beginnende op of voor 1 Maart 2016, implementeer die Finansiële Instelling beleid en prosedures om óf 'n kliënt te verhoed om 'n oorbetaling van meer as $50 000 te maak, óf om seker te maak dat enige kliëntoorbetaling van meer as $50 000 binne 60 (sestig) dae aan die kliënt terugbetaal word.

Ontvanger: Absa Groep Beperk.

Geregistreerde Geag-voldoenende (insluitende Verslagdoeningsmodel 1 BFI) beteken 'n Geregistreerde Geag-voldoenende BFI, 'n BFI wat beskryf word in die Regulasies van Artikel 1.1471-5(f)(1) en sluit 'n Verslagdoeningsmodel 1 BFI in, 'n gekwalifiseerde tussengangers- ("**QI-**") tak van 'n VS Finansiële Instelling wat 'n Verslagdoenende Model 1 BFI is.

Verwante Entiteit van 'n Genoteerde Korporasie beteken die beherende en beheerde Entiteit, insluitende twee Entiteite onder gemeenskaplike beheer. Vir hierdie doel, sluit beheer regstreekse of onregstreekse eienaarskap van meer as 50% van die stem of waarde in 'n Entiteit in.

Rapporteerbare Rekening beteken 'n rekening wat gehou word deur een of meer Rapporteerbare Persone of deur 'n Passiewe NFE met een of meer Beherende Persone wat 'n Rapporteerbare Persoon is.

Rapporteerbare Jurisdiksie beteken 'n jurisdiksie met 'n verpligting om inligting oor 'n finansiële rekening te verskaf in plek en in 'n openbare lys geïdentifiseer.

Rapporteerbare Jurisdiksiepersoon beteken 'n Entiteit wat belastinginwonend in 'n Rapporteerbare Jurisdiksie(s) is kragtens die belastingwette van sodanige jurisdiksie(s), met verwysing na plaaslike wette in die land waar die Entiteit gevestig is of geïnkorporeer of bestuur word. 'n Entiteit soos 'n vennootskap, vennootskap met beperkte aanspreeklikheid of soortgelyke wettige vennootskap met beperkte aanspreeklikheid of soortgelyke wettige reëling wat vir die doel van belasting geen verblyf het nie, word behandel as inwonend in die jurisdiksie waarin sy plek van effektiewe bestuur geleë is. Indien 'n Entiteit as sodanig sertifiseer dat dit vir belastingdoeleindes geen inwoning het nie, moet dit die vorm voltooi wat die adres van sy hoofkantoor aangee. Entiteite met dubbelinwoning kan steun op die beslissende reëls wat in belastingkonvensies vervat word (indien toepaslik) om hulle inwoning vir die doel van belasting te bepaal.

Rapporteerbare Persoon beteken 'n "**Rapporteerbare Jurisdiksiepersoon**" behalwe:

- 'n korporasie waarvan die effekte gereeld op een of meer gevestigde sekuriteitemarkte verhandel word;
- enige korporasie wat 'n Verwante Entiteit is van 'n korporasie wat in klousule (i) beskryf word;
- 'n Regeringsentiteit;

- 'n Internasionale Organisasie;
- 'n Sentrale Bank; of
- 'n Finansiële Instelling [behalwe vir 'n Beleggingsentiteit wat beskryf word in subparagraaf A(6)(b) van die AVS wat nie Finansiële Instellings in 'n Deelnemende Jurisdiksie is nie. Sodanige Beleggingsentiteite word in plaas daarvan as Passiewe NFE's beskou].

Inwoning deur Belegging ("IDB") -skemas word deur 'n aansienlike aantal jurisdiksies aangebied en laat buitelandse individue toe om burgerskap of tydelike of permanente inwoningsregte te bekom op grond van plaaslike beleggings of teen 'n vaste fooi.

Republiek van Suid-Afrika ("RSA") Regering (nasionaal, provinsiaal of munisipaal) beteken die regering van die RSA in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer.

Gespesifiseerde Versekeringsmaatskappy beteken 'n Entiteit wat 'n versekeringsmaatskappy (of die beheermaatskappy van 'n versekeringsmaatskappy) is, wat 'n Kontantwaardeversekeringskontrak of 'n Annuïteitskontrak uitreik of verplig is om betalings ten opsigte daarvan te doen.

Suid-Afrikaanse belastinginwoner beteken 'n persoon/entiteit wat 'n inwoner van Suid-Afrika is.

Belastingregulasies verwys na regulasies wat geskep is om die outomatiese uitruil van inligting moontlik te maak en sluit in die Wet op Belastingvoldoening van 'n Buitelandse Rekening, verskeie ooreenkomste wat tussen Suid-Afrika en die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling se Algemene Verslagdoeningstandaarde vir die Outomatiese Uitruil van Inligting oor Finansiële Rekenings aangegaan is om internasionale Belastingvoldoening te verbeter, soos in die toepaslike jurisdiksies geïmplementeer. Vir die doel van die omskrywing van "**internasionale belastingstandaard**" in Artikel 1 en kragtens Artikel 257 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, die veranderings aan die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling ("**OESO**") se Standaard vir die Outomatiese Uitruil van Inligting oor Finansiële Rekenings in Belastingaangeleenthede (hierna "**die Standaard**" genoem), wat die **AVS**, "**en enige ander internasionale standaard vir die uitruil van belastingverwante inligting tussen lande wat die Minister gespesifiseer het**".

Belastingidentifikasienommer ("BIN") beteken 'n unieke kombinasie van letters of syfers wat 'n jurisdiksie aan 'n individu of Entiteit toewys om die individu of entiteit te identifiseer vir die doel van die administrasie van die belastingwette van sodanige jurisdiksie. In sommige lande kan dit 'n nommer wees waarna spesifiek as 'n BIN verwys word, terwyl ander lande anders nommers kan gebruik (bv. nasionale versekeringsnommer of maatskaplike sekuriteitsnommer) om hulle inwoners vir belastingdoeleindes te identifiseer.

Trust beteken 'n wettige skema, waar sekere persone wat by name genoem word (trustees genoem) eiendom namens ander persone hou (begunstigdes genoem).

VS-persoon beteken:

a) enige VS-burger of 'n natuurlike persoon wat in die VS woonagtig is;
b) enige vennootskap of korporasie wat kragtens die wette van die VS georganiseer of geïnkorporeer word;
c) enige boedel waarvan enige eksekuteur of beredderaar 'n VS-persoon is;
d) enige Trust waarvan enige trustee 'n VS-persoon is of enige Trust waaraan 'n hof binne die VS kragtens toepaslike reg die gesag het om hofbevele of vonnisse uit te reik rakende alle aangeleenthede aangaande die administrasie van die Trust of een of meer VS-persone die gesag het om alle wesenlike besluite van die Trust te beheer;
e) enige agentskap of tak van 'n buitelandse Entiteit wat in die VS geleë is;
f) enige niediskresionêre rekening of soortgelyke rekening (behalwe 'n boedel of Trust) wat 'n handelaar of ander beswaarde tot voordeel of rekening van 'n VS-persoon hou;
g) enige diskresionêre rekening of soortgelyke rekening (behalwe 'n boedel of Trust) wat 'n handelaar of ander beswaarde hou wat georganiseer, geïnkorporeer of (indien 'n individu) woonagtig is in die VS; en
h) enige vennootskap of korporasie indien:
    - georganiseer of geïnkorporeer kragtens die wette van enige buitelandse jurisdiksie; en
    - deur 'n VS-persoon opgerig hoofsaaklik vir die doel van belegging in sekuriteite wat nie kragtens die Wet geregistreer is nie of om andersins die toepassing van die VS-sekuriteitewette te ontduik.

Indien die land waarvan jou organisasie 'n inwoner is, TRO met die VS geteken het of met ander toepaslike lande, verwys asseblief na die ekwivalente woordomskrywings in die toepaslike TRO en/of die instaatstellingswetgewing wat op daardie land se TRO van toepassing is.

W-9-vorm is 'n vorm wat VS-persone of dubbelinwoners moet voltooi. Hierdie vorm vra 'n persoon se BIN aan deur 'n persoon wat 'n inligtingsopgawe by die IRS moet liasseer om verslag te doen.

(https://www.irs.gov/pub/irs-pdf/fw9.pdf)

W8-IMY is 'n vorm indien jy as 'n agent, genomineerde of geleibuis vir die rekening dien of jy nie as die voordelige eienaar van die betaling beskou word nie.

(https://www.irs.gov/pub/irs-pdf/fw8imy.pdf)